



RAAD VIR GEESTESWETENSKAPLIKE NAVORSING

VAN VUUREN, D.P. *Die invloed van televisie op enkele persoonlikheidsstrukture van 'n groep Afrikaanssprekende standerd agt-leerlinge.* KOMM-N-16. Pretoria, Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, 1979.

VAN ZYL, P.C. *Die korttermyninvloed van televisie op die persoonlike, huislike, sosiale en formele verhoudinge van standerd agt-seuns en meisies.* KOMM-N-18. Pretoria, Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, 1979.



RGN-BIBLIOTEEK
HSRC LIBRARY

VERVALDATUM/DATE DUE

--	--	--	--

ISIE OP DIE
AHEID VAN
LEERLINGE


yl, B.A., D.Ed.

SE INSTITUUT
ENAVORSING

D.J. JORDAAN

PRETORIA
1980

0000079673



2844363866



Navorsingsbevinding nr. **KOMM-N-55**



Kopiereg voorbehou
Prys : R1.85
(AVB ingesluit)

- CAMMAER, H., SONNEVILLE, M. en VERBOVEN, N. *Televisiejeugd? Begeleiding en beleid.* Antwerpen-Utrecht, Uitgeverij De Nederlandsche Boekhandel, 1972.
- CENTRAAL BUREAU VOOR DE STATISTIEK. *Schooljeugd en televisie. Deel 2. Invloed op schoolprestaties en belangstellingsrichting.* Zeist, Uitgewersmaatschappij. W. de Haan N.V., 1959.
- DE VILLIERS, G.M., CONRADIE, D.P. en VAN VUUREN, D.P. *Die invloed van televisie op die radioluisterpatrone en musiekvoorkeure van nie-stedelike Afrikaanssprekende dag-skoliere.* KOMM-N-16. Pretoria, Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, 1978.
- DE VILLIERS, G.M. *Die invloed van televisie op enkele sportaktiwiteite van standaard agt-leerlinge.* KOMM-N-20. Pretoria, Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, 1979.
- DE VILLIERS, G.M. *Die korttermyninvloed van televisie op die leespatrone van Afrikaanssprekende standaard vyf-dagskoliere.* KOMM-N-24. Pretoria, Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, 1980.
- DU PREEZ, P.H. *Die invloed van televisie op enkele huiswerkgewoontes en studieomstandighede van Engelsprekende standaard vyf-dagskoliere.* KOMM-N-19. Pretoria, Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, 1979a.
- DU PREEZ, P.H. *Die invloed van televisie op enkele huiswerkgewoontes en studieomstandighede van standaard agt-dagskoliere.* KOMM-N-21. Pretoria, Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, 1979b.
- DU PREEZ, P.H. *'n Ondersoek na tydbenuttings- en agtergrondsfaktore wat verband hou met die studiegewoontes en -houdings van standaard agt-leerlinge: 'n voor-televisie-opname.* KOMM-14. Pretoria, Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, 1977.
- DU PREEZ, P.H. *'n Ondersoek na die televisiekykpatrone en programvoorkeure van 'n groep standaard agt-leerlinge en die invloed wat televisie op hul studiegewoontes en -houdings mag hê.* KOMM-23. Pretoria, Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, 1980.
- DU TOIT, L.B.H. *Die verband tussen studiegewoontes en -houdings en akademiese prestasie in die middelbare skool.* Pretoria, Universiteit van Suid-Afrika, 1970 (Ongepubliseerde M.Ed.-verhandeling).
- FOUCHÉ, F.A. en ALBERTS, N.F. *Handleiding vir die Skolastiese Bekwaamheidsbattery.* Pretoria, Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, 1971.
- FURU, T. *Television and children's life: a before-after study.* Tokyo, Japan Broadcasting Corporation, Radio and Television Culture Research Institute, 1962.
- HIMMELWEIT, H.T., OPPENHEIM, A.N. and VINCE, P. *Television and the child: an empirical study of the effect of television on the young.* London, Oxford University Press, 1958.
- SCHRAMM, W., LYLE, J. and PARKER, E.B. *Television in the lives of our children.* Stanford, Stanford University Press, 1961.
- SMALL, L. *Die korttermyninvloed van televisie op die menings van Afrikaanssprekende Blanke adolessente.* KOMM-N-23. Pretoria, Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, 1979.
- VAN DER STOEP, F., VAN DYK, C.J., LOUW, W.J. en SWART, A. *Die lesstruktuur.* Johannesburg, McGraw-Hill Boekmaatskappy, 1973.

ISBN O 86965 862 X

RGN BIBLIOTEEK HSR LIBRARY HSR		
1982 -05- 2 4		
STANDKODE 001-3072068 HSRC KOMM N 55	REGISTERNOMMER 054662	3
BESTELNOMMER 9		

Om die invloed van televisie te bestudeer is van 'n driegroepontwerp gebruik gemaak. Die drie groepe is telkens ten opsigte van elke standaard soos volg saamgestel:

Leerlinge wat by die na-televisie-opnames ingesluit was, is volgens hulle televisiekykgewoontes verdeel in groepe strawwe kykers (dit is leerlinge wat gedurende die week en oor naweke een uur of langer per dag televisie kyk) en ligte kykers (leerlinge wat minder as 'n uur per dag gedurende die week en oor naweke televisie kyk). Dié leerlinge wat voor die instelling van televisie (in 1974 en 1975) getoets is, staan as die "voor-televisiegroepe" bekend. Ten einde die ondersoekgroepe sover moontlik vergelykbaar te maak, is 'n proses van afparing toegepas op relevante steuringsveranderlikes wat met behulp van 'n stapsgewyse regressie-analise geïdentifiseer is. Die afparingsprosedure het tot gevolg gehad dat die vergelykbare groepe egter 'n besondere samestelling het en bevindings by hierdie groepe kan dus nie sonder meer op die breë bevolking van toepassing gemaak word nie.

Die gevolgtrekking waartoe in hierdie ondersoek geraak is, is dat televisie waarskynlik 'n geringe negatiewe invloed op die ondersoekgroepe se skolastiese bekwaamheid gehad het. Op grond hiervan kan die hipotese wat in paragraaf 2 gestel is, naamlik dat televisie 'n invloed het op senior sekondêreskoolleerlinge se skolastiese bekwaamheid in die sosiale en natuurwetenskappe, nie verwerp word nie.

ERKENNING

Die inligting wat in hierdie navorsingsbevinding vervat is, is verkry van projek KOMM 11 wat onderneem is om te bepaal wat die invloed van televisie op die skoolgaande jeug is. Data is van skole in al vier provinsies verkry.

Dank word aan die volgende persone en instansies oorgedra vir hul aandeel in die beplanning en uitvoering van die projek:

Die Komitee van Onderwys hoofde wat toestemming gegee het dat die projek geloods mag word;

die hoofde van skole en hul personeel wat as toetsafnemers opgetree het;

die skoolsielkundiges van die sielkundige en voorligtingsdiens van die verskillende onderwysdepartemente wat verantwoordelik was vir die opleiding van die toetsafnemers;

die leerlinge wat as respondente opgetree het; en

lede van die ad hoc-komitee wat met die beplanning van die projek behulpsaam was, naamlik:

Dr. J.D. Venter (Voorsitter)	Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing
Prof. T.L. de Koning	Randse Afrikaanse Universiteit
Prof. D. Joubert	Universiteit van Stellenbosch
Mnr. P.W. Mans	Nataalse Onderwysdepartement
Prof. N.J. Mentz	Transvaalse Onderwysdepartement
Mnr. B. Olivier	Onderwysdepartement, Kaap die Goeie Hoop
Mnr. D.J.L. Pretorius	SAUK
Mnr. F. Swanepoel	OVS-Onderwysdepartement
Mnr. G. Yssel	SAUK
Dr. D.P. Conradie	Suid-Afrikaanse Instituut vir Kommunikasienavorsing
Dr. P.C.J. Jordaan	Suid-Afrikaanse Instituut vir Kommunikasienavorsing
Dr. C.R. Liebenberg	Suid-Afrikaanse Instituut vir Opvoedkundige Navorsing
Mev. E.M. Madge	Suid-Afrikaanse Instituut vir Psigologiese en Psigometriese Navorsing
Dr. W.L. Roos	Suid-Afrikaanse Instituut vir Mannekragnavorsing
Mnr. A.R. van den Berg	Suid-Afrikaanse Instituut vir Psigologiese en Psigometriese Navorsing

Prof. D.J. Stoker van die Suid-Afrikaanse Instituut vir Statistiese Navorsing was behulpsaam met die statistiese ontleding van die data en die redaksionele werk is gedoen deur die RGN se Buro vir Ondersteunende Navorsingsdienste.

Wanneer die gemiddelde groeptellings van die afgepaarde groepe (voor-televi= siegroepe, strawwekykersgroepe en ligtekykersgroepe) in verband gebring word met hierdie norms kan al die verkreeë groepgemiddeldes deurgaans binne die kategorie "gemid= deld" (stanegewaarde 4 tot 6) ingedeel word. Die afleiding wat hieruit gemaak kan word, is dat die veranderinge in die gemiddelde SBB-tellings wat waarskynlik deur tele= visie by die ondersoekgroepe teweeggebring is, in terme van bogenoemde norms relatief gering was.

Aangesien die eksperimentele ontwerp van hierdie ondersoek nie van sodanige aard was dat oorsaaklike verbande tussen die veranderlikes aangedui kon word nie, kan daar slegs gespekuleer word oor moontlike interpretasies van die bevindinge. Enkele moontlike interpretasies wat oorweeg kan word, is die volgende:

- (a) Dit mag wees dat die leerlinge nie via televisie sodanige vakgerigte kennis bekom het dat hulle as gevolg daarvan beter in die SBB presteer het nie. Inhoudsontleding van televisieprogramme behoort meer lig hierop te werp.
- (b) Televisie bied nie aan die kind die geleentheid om alle didaktiese beginsels* soos aktiwiteit, differensiasie, individualisasie en tempo= variasie wat sinvolle leer moontlik maak, te verwerklik nie.
- (c) Televisie kan die kind van ander opvoedkundige bedrywighede weerhou wat belemmerend op sy skolastiese vorming mag inwerk. Du Preez (1980) het byvoorbeeld bevind dat televisie 'n negatiewe invloed het op standerd agt-leerlinge se studiegewoontes en -houdings en dat standerd agt-seuns minder tyd gedurende die week aan hulle huiswerk afstaan.

5 SAMEVATTING EN GEVOLGTREKKING

Die doel met hierdie ondersoek was om vas te stel of televisie 'n invloed het op senior sekondêre skoolleerlinge se skolastiese bekwaamheid in die sosiale wetenskappe (Geschiedenis en Aardrykskunde) en die natuurwetenskappe (Biologie en Natuur- en Skei= kunde), soos gemeet deur toets 1 en toets 3 van die Skolastiese Bekwaamheidsbattery.

In die ondersoek is van gegewens gebruik gemaak wat van 1974 tot 1978 onder standerd agt-, nege- en tien-leerlinge ingewin is. Ten einde vir die "nuutheidseffek" van televisie voorsiening te maak, is uit die na-televisie-opnames (1976 tot 1978) slegs dié leerlinge betrek wat aangedui het dat hulle vir minstens drie maande tuis oor 'n televisiestel beskik het.

*Vir volledige uiteensetting van hierdie beginsels kan Van der Stoep, F. et al. (1973) geraadpleeg word.

4.3 VERGELYKING VAN DIE GEMIDDELDE GROEPTELLINGS VAN DIE STRAWWE KYKERS, LIGTE KYKERS EN VOOR-TELEVISIEGROEPE (tabelle 4.1, 4.2, 4.4, 4.5, 4.7, 4.8, 4.10, 4.11, 4.13, 4.14, 4.16 EN 4.17)

Die bogenoemde afleidings oor die invloed van televisie rakende die leerlinge se skolastiese bekwaamheid, kan verder in perspektief gestel word deur te let op die gemiddelde tellings wat die onderskeie voor-televisiegroepe, strawwe kykers en ligte kykers uit standerds agt, nege en tien, in toetse 1 en 3 van die SBB behaal het.

Inspeksie van die gemiddeldes toon dat, met die uitsondering van die resultate van die standaard agt-leerlinge in toets 1 (sosiale wetenskappe) waar nie 'n duidelike patroon aangetref word nie, die gemiddelde tellings van die kontrolegroepe uit al die standerds in albei toetse deurgaans hoër was as dié van die eksperimentele groepe. Die kontrolegroepe het dus oor die algemeen beter as die eksperimentele groepe in die betrokke toetse van die SBB gepresteer.

Dit val verder op dat in *vergelyking met die voor-televisiegroepe*, die gemiddelde tellings van die kontrolegroepe slegs in die geval van twee afparings (standerd tien: toets 1 - 1974/78 en toets 3 - 1975/78) *afnames* getoon het; terwyl *toenames* in die gemiddelde tellings van die eksperimentele groepe by nege afparings voorgekom het. In die gevalle waar daar wel volgens hierdie vergelykings toenames in die gemiddelde tellings van die eksperimentele groepe opgemerk is, was die kontrolegroepe se toenames oor die algemeen groter. Dit dien egter vermeld te word dat die toenames nie statisties betekenisvol was nie.

Fouché en Alberts (1971) het norms op 'n stanegeskaal vir elke toets van die SBB bereken. Hierdie norms is afsonderlik vir standerdsagt, nege en tien bereken en is vir taal- en geslagsgroepe gesamentlik bepaal.

Hierna het die genoemde outeurs die staneges soos volg in 'n beskrywende vyfpuntskaal saamgevat:

Stanege	Beskrywing
1	Baie swak
2	
3	Swak
4	
5	
6	Gemiddeld
7	
8	Goed
9	Baie goed

INHOUDSOPGAWE

BLADSY

1	INLEIDING	1
2	PROBLEEMSTELLING EN DOEL	2
3	METODE VAN ONDERSOEK	3
3.1	AGTERGROND	3
3.2	MEETINSTRUMENTE	3
3.3	STEEKPROEF	5
3.4	ONDERSOEKGROEPE	6
3.5	AFPARING	6
3.6	EKSPERIMENTELE ONTWERP	8
4	BEVINDINGS	31
5	SAMEVATTING EN GEVOLGTREKKING	41
6	BRONNELYS	43

TABELLE

BLADSY

3.1	SAMESTELLING VAN DIE AFGEPAAARDE STANDERD AGT-GROEPE VIR TOETS 1: 1974/1976	9
3.2	SAMESTELLING VAN DIE AFGEPAAARDE STANDERD AGT-GROEPE VIR TOETS 1: 1974/1977	10
3.3	SAMESTELLING VAN DIE AFGEPAAARDE STANDERD AGT-GROEPE VIR TOETS 1: 1975/1976	11
3.4	SAMESTELLING VAN DIE AFGEPAAARDE STANDERD AGT-GROEPE VIR TOETS 1: 1975/1977	12
3.5	SAMESTELLING VAN DIE AFGEPAAARDE STANDERD AGT-GROEPE VIR TOETS 3: 1974/1976	13
3.6	SAMESTELLING VAN DIE AFGEPAAARDE STANDERD AGT-GROEPE VIR TOETS 3: 1974/1977	14
3.7	SAMESTELLING VAN DIE AFGEPAAARDE STANDERD AGT-GROEPE VIR TOETS 3: 1975/1976	15
3.8	SAMESTELLING VAN DIE AFGEPAAARDE STANDERD AGT-GROEPE VIR TOETS 3: 1975/1977	16
3.9	SAMESTELLING VAN DIE AFGEPAAARDE STANDERD NEGE-GROEPE VIR TOETS 1: 1974/1977	17
3.10	SAMESTELLING VAN DIE AFGEPAAARDE STANDERD NEGE-GROEPE VIR TOETS 1: 1975/1977	18
3.11	SAMESTELLING VAN DIE AFGEPAAARDE STANDERD NEGE-GROEPE VIR TOETS 3: 1974/1977	19
3.12	SAMESTELLING VAN DIE AFGEPAAARDE STANDERD NEGE-GROEPE VIR TOETS 3: 1975/1977	20
3.13	SAMESTELLING VAN DIE AFGEPAAARDE STANDERD TIEN-GROEPE VIR TOETS 1: 1974/1977	21
3.14	SAMESTELLING VAN DIE AFGEPAAARDE STANDERD TIEN-GROEPE VIR TOETS 1: 1974/1978	22
3.15	SAMESTELLING VAN DIE AFGEPAAARDE STANDERD TIEN-GROEPE VIR TOETS 1: 1975/1977	23
3.16	SAMESTELLING VAN DIE AFGEPAAARDE STANDERD TIEN-GROEPE VIR TOETS 1: 1975/1978	24
3.17	SAMESTELLING VAN DIE AFGEPAAARDE STANDERD TIEN-GROEPE VIR TOETS 3: 1974/1977	25
3.18	SAMESTELLING VAN DIE AFGEPAAARDE STANDERD TIEN-GROEPE VIR TOETS 3: 1974/1978	26
3.19	SAMESTELLING VAN DIE AFGEPAAARDE STANDERD TIEN-GROEPE VIR TOETS 3: 1975/1977	27
3.20	SAMESTELLING VAN DIE AFGEPAAARDE STANDERD TIEN-GROEPE VIR TOETS 3: 1975/1978	28
4.1	VERSKILLE TUSSEN DIE GEMIDDELDE SBB-TELLINGS (TOETS 1) VAN DIE VOOR-TELEVISIEGROEPE (A1 TOT A4) EN DIE STRAWWE KYKERS (B1 TOT B4) VAN DIE AFGEPAAARDE GROEPE IN STANDERD AGT	31
4.2	VERSKILLE TUSSEN DIE GEMIDDELDE SBB-TELLINGS (TOETS 1) VAN DIE VOOR-TELEVISIEGROEPE (A1 TOT A4) EN DIE LIGTE KYKERS (C1 TOT C4) VAN DIE AFGEPAAARDE GROEPE IN STANDERD AGT	32

4.2 VERGELYKING VAN DIE GEMIDDELD VAN DIE EKSPERIMENTELE EN KONTROLE = VERSKILTELLINGS (tabelle 4.3, 4.6, 4.9, 4.12, 4.15, 4.18 EN 4.19).

Wat die *standerd nege-leerlinge* betref, blyk dit volgens die t-waardes in tabelle 4.9, 4.12 en 4.19 dat daar ten opsigte van elke afparing statisties betekenisvolle verskille tussen die gemiddeld van die eksperimentele en kontroleverskiltellings by beide toets 1 (sosiale wetenskappe) en toets 3 (natuurwetenskappe) verkry is. Uit die minusteken van die betrokke t-waardes kon afgelei word dat televisie waarskynlik by hierdie leerlinge 'n afname in skoolastiese bekwaamheid in sowel die sosiale as die natuurwetenskappe tot gevolg gehad het.

Hierteenoor is daar ten opsigte van die *standerd agt- en standerd tien-leerlinge* geen statisties betekenisvolle verskille tussen die gemiddeld vir die eksperimentele en kontroleverskiltellings bevind nie. Uit tabel 4.19 blyk egter dat:

- (a) Die t-waardes by al die afparings van die standerd tien-leerlinge (toets 1 en toets 3) 'n minusteken het.
- (b) Die t-waardes by al die afparings van die standerd agt-leerlinge ten opsigte van toets 3, en slegs by een afparing (75/76) in die geval van toets 1, 'n minusteken het.

Hiervolgens wil dit voorkom of televisie waarskynlik 'n geringe negatiewe invloed gehad het op die standerd tien-leerlinge se skoolastiese bekwaamheid in die sosiale, asook in die natuurwetenskappe, terwyl 'n soortgelyke invloed net te bespeur is met betrekking tot die standerd agt-leerlinge se bekwaamheid in die natuurwetenskappe. Geen duidelike patroon kan ten aansien van die laasgenoemde standerd se bekwaamheid in sosiale wetenskappe waargeneem word nie.

TABEL 4.19

SAMEVATTENDE TABEL VAN DIE VERKREË T-WAARDES TEN OPSIGTE VAN DIE VERSKILLE TUSSEN DIE GEMIDDELD VAN DIE EKSPERIMENTELE EN KONTROLEVERSKILTELLINGS VIR AL DIE ONDERSKEIE AFGEPAAARDE GROEPE

Afparing	Standerd	Toets 1	Toets 3
		t-waarde	t-waarde
1974/76	8	1,1070	-0,5533
1974/77	8	0,5037	-1,5917
1975/76	8	-1,2122	-0,6006
1975/77	8	0,5033	-1,5799
1974/77	9	-2,0231 ^(*)	-2,0018 ^(*)
1975/77	9	-2,1452 ^(*)	-2,1061 ^(*)
1974/77	10	-1,4772	-0,9936
1974/78	10	-0,9542	-0,9052
1975/77	10	-1,4832	-0,9929
1975/78	10	-0,8840	-0,9763

(*) p < 0,05

TABEL 4.17

VERSKILLE TUSSEN DIE GEMIDDELDE SBB-TELLINGS (TOETS 3) VAN DIE VOOR-TELEVISIEGROEPE (D7 TOT D10) EN DIE LIGTE KYKERS (F7 TOT F10) VAN DIE AFGEPAAARDE GROEPE IN STANDERD TIEN

AFPARING	GROEP	N	\bar{X}	S	r	t
1974/77	D7	98	16,010	5,224	0,49949	-1,8995
	F7	98	17,000	5,089		
1974/78	D8	99	16,828	5,483	0,44255	0,0172
	F8	99	16,818	5,500		
1975/77	D9	99	16,727	5,020	0,42787	-0,5404
	F9	99	17,020	5,067		
1975/78	D10	100	17,120	4,996	0,46958	0,4621
	F10	100	16,870	5,497		

vg. = (getal pare -1)

TABEL 4.18

VERSKILLE TUSSEN DIE GEMIDDELD VAN DIE EKSPERIMENTELE VERSKIL-TELLINGS (EV7 TOT EV10) EN DIE KONTROLEVERSKIL-TELLINGS (FV7 TOT FV10) TEN OPSIGTE VAN TOETS 3 VIR DIE AFGEPAAARDE GROEPE IN STANDERD TIEN

AFPARING	GROEP	N	\bar{X}	S	r	t
1974/77	EV7	98	0,408	6,112	0,47474	-0,9938
	FV7	98	0,990	5,160		
1974/78	EV8	99	-0,525	5,583	0,50542	-0,9052
	FV8	99	-0,010	5,798		
1975/77	EV9	99	-0,283	6,255	0,51169	-0,9929
	FV9	99	0,293	5,395		
1975/78	EV10	100	-0,800	5,915	0,50689	-0,9763
	FV10	100	-0,250	5,420		

vg. = (getal pare -1)

	BLADSY
4.3	32
4.4	33
4.5	33
4.6	34
4.7	34
4.8	34
4.9	35
4.10	35
4.11	35
4.12	36
4.13	36
4.14	36
4.15	37
4.16	37

4.17 VERSKILLE TUSSEN DIE GEMIDDELDE SBB-TELLINGS (TOETS 3) VAN DIE VOOR-TELEVISIEGROEPE (D7 TOT D10) EN DIE LIGTE KYKERS (F7 TOT F10) VAN DIE AFGEPAAARDE GROEPE IN STANDERD TIEN

4.18 VERSKILLE TUSSEN DIE GEMIDDELD VAN DIE EKSPERIMENTELE VERSKILTELLINGS (EV7 TOT EV10) EN DIE KONTROLEVERSKILTELLINGS (FV7 TOT FV10) TEN OPSIGTE VAN TOETS 3 VIR DIE AFGEPAAARDE GROEPE IN STANDERD TIEN

4.19 SAMEVATTENDE TABEL VAN DIE VERKREË t-WAARDES TEN OPSIGTE VAN DIE VERSKILLE TUSSEN DIE GEMIDDELD VAN DIE EKSPERIMENTELE EN KONTROLEVERSKILTELLINGS VIR AL DIE ONDERSKEIE AFGEPAAARDE GROEPE

TABEL 4.15

VERSKILLE TUSSEN DIE GEMIDDELD VAN DIE EKSPERIMENTELE VERSKILTELLINGS (BV7 TOT BV10) EN DIE KONTROLEVERSKILTELLINGS (CV7 TOT CV10) TEN OPSIGTE VAN TOETS 1 VIR DIE AFGEPAAARDE GROEPE IN STANDERD TIEN

AFPARING	GROEP	N	\bar{X}	S	r	t
1974/77	BV7	103	-0,194	5,722	0,55805	-1,4772
	CV7	103	0,553	5,182		
1974/78	BV8	95	-1,842	5,906	0,44484	-0,9542
	CV8	95	-1,253	5,506		
1975/77	BV9	103	0,835	4,994	0,54764	-1,4832
	CV9	103	1,583	5,742		
1975/78	BV10	96	0,260	6,190	0,51747	-0,8840
	CV10	96	0,802	6,040		

vg. = (getal pare -1)

TABEL 4.16

VERSKILLE TUSSEN DIE GEMIDDELDE SBB-TELLINGS (TOETS 3) VAN DIE VOOR-TELEVISIEGROEPE (D7 TOT D10) EN DIE STRAWWE KYKERS (E7 TOT E10) VAN DIE AFGEPAAARDE GROEPE IN STANDERD TIEN

AFPARING	GROEP	N	\bar{X}	S	r	t
1974/77	D7	98	16,010	5,224	0,41554	-0,6631
	E7	98	16,418	6,015		
1974/78	D8	99	16,828	5,483	0,50985	0,9363
	E8	99	16,303	5,783		
1975/77	D9	99	16,727	5,020	0,36513	0,4522
	E9	99	16,444	5,990		
1975/78	D10	100	17,120	4,996	0,40159	1,3569
	E10	100	16,320	5,756		

vg. = (getal pare -1)

TABEL 4.12

VERSKILLE TUSSEN DIE GEMIDDELD VAN DIE EKSPERIMENTELE VERSKIL-
TELLINGS (EV5 TOT EV6) EN DIE KONTROLEVERSKILTELLINGS
(FV5 TOT FV6) TEN OPSIGTE VAN TOETS 3 VIR DIE AFGEPAARDE
GROEPE IN STANDERD NEGE

AFPARING	GROEP	N	\bar{X}	S	r	t
1974/77	EV5	119	-0,235	5,661	0,51898	-2,0037 ^(*)
	FV5	119	0,807	5,904		
1975/77	EV6	119	0,084	5,846	0,56027	-2,1061 ^(*)
	FV6	119	1,168	6,125		

^(*) p<0,05

vg. = (getal pare -1)

TABEL 4.13

VERSKILLE TUSSEN DIE GEMIDDELDE SBB-TELLINGS (TOETS 1) VAN DIE
VOOR-TELEVISIEGROEPE (A7 TOT A10) EN DIE STRAWWE KYKERS
(B7 TOT B10) VAN DIE AFGEPAARDE GROEPE IN STANDERD TIEN

AFPARING	GROEP	N	\bar{X}	S	r	t
1974/77	A7	103	14,563	4,539	0,25242	0,3442
	B7	103	14,369	4,814		
1974/78	A8	95	16,316	4,759	0,30008	3,0425 ^(**)
	B8	95	14,474	5,206		
1975/77	A9	103	13,534	4,459	0,42191	-1,6986
	B9	103	14,369	4,814		
1975/78	A10	96	14,188	4,974	0,25793	-0,4116
	B10	96	14,448	5,185		

^(**) p<0,01

vg. = (getal pare -1)

TABEL 4.14

VERSKILLE TUSSEN DIE GEMIDDELDE SBB-TELLINGS (TOETS 1) VAN DIE
VOOR-TELEVISIEGROEPE (A7 TOT A10) EN DIE LICTE KYKERS
(C7 TOT C10) VAN DIE AFGEPAARDE GROEPE IN STANDERD TIEN

AFPARING	GROEP	N	\bar{X}	S	r	t
1974/77	A7	103	14,563	4,539	0,44773	-1,0896
	C7	103	15,117	5,255		
1974/78	A8	95	16,316	4,759	0,41683	2,2239 ^(*)
	C8	95	15,063	5,391		
1975/77	A9	103	13,534	4,459	0,30990	-2,8061 ^(**)
	C9	103	15,117	5,255		
1975/78	A10	96	14,188	4,974	0,32588	-1,3022
	C10	96	14,990	5,411		

^(*) p<0,05

^(**) p<0,01

vg. = (getal pare -1)

Telesie word beskou as een van die kragtigste massakommunikasiemedie van die twintigste eeu. Dit is dan ook te verstane dat daar by die aanvanklike instelling van 'n televisiediens verskeie verwagtinge gekoester sal word oor die moontlike invloed daarvan op die gemeenskap.

'n Onderwerp wat veral belangstelling geniet, is die moontlike invloed van televisie op die skoolgaande jeug en 'n groot aantal navorsingsprojekte is in dié verband al geloods. Van die bekendste navorsers wat hieroor in die buiteland ondersoek onderneem het, is Himmelweit, Oppenheim en Vince (1958) in Brittanje, Schramm, Lyle en Parker (1961) in die VSA en Takeo Furu (1962) in Japan. Daar is in hierdie studies aan 'n verskeidenheid aspekte aandag gegee wat wissel van die maklik meetbare, soos televisiekykgewoontes en die invloed van televisie op tydbenuttingspatrone, tot moeiliker meetbare aangeleenthede soos die invloed van televisie op houdings en waarde-oriëntasies. Hier te lande is daar ook al 'n aantal navorsingsbevindings in verband met die invloed van televisie op die skoolgaande jeug deur die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing (RGN) vrygestel. Hierdie bevindings handel onder meer oor die invloed van televisie op radioluisterpatrone en musiekvoorkeure, sportaktiwiteite en leespatrone (De Villiers, 1978, 1979, 1980); huiswerkgewoontes en studie-omstandighede (Du Preez, 1979a, 1979b); menings (Small, 1979); verhoudings (Van Zyl, 1979) en persoonlikheidsdimensies (Van Vuuren, 1979).

Een van die aspekte waaroor daar dikwels deur ouers en onderwysers bespiegel word, is die moontlike nadelige invloed wat televisie op leerlinge se skoolprestasie mag hê. Wanneer ouers en onderwysers kommer uitspreek dat leerlinge hul huiswerk sal verwaarloos ten einde televisie te kyk, kan aanvaar word dat hulle bekommerd is dat leerlinge as gevolg hiervan moontlik swakker in die skool kan presteer. So word daar byvoorbeeld in 'n verslag oor die invloed van televisie op die skooljeug deur die Sentraal Bureau voor de Statistiek (1957) op die volgende gewys:

"Het verband tussen televisiekijken en zittenblijven zou tot stand kunnen komen, doordat de leerlingen ten gevolge van deze tijdrovende en aandacht opeisende bezigheid of wel hun huiswerk gaan verwaarlozen, of niet meer de vereiste concentratie tijdens de les kunnen opbrengen" (p. 13).

Navorsers het ondersoek ingestel of en in watter mate televisie inbreuk maak op die tyd wat leerlinge aan skoolwerk (huiswerk) bestee. Cammaer, et al. (1972, p. 54) is van mening dat alhoewel kinders neig om hul huiswerk gereeld te onderbreek om bepaalde programme op televisie te kan volg, daar oor die algemeen geen nadelige invloed op kinders se studiegewoontes vasgestel kon word nie (p. 54). In 'n ondersoek in die VSA het Schramm, Lyle en Parker (1961, p. 73) bevind dat die tyd wat leerlinge aan hul huiswerk bestee het ná die instelling van televisie met ongeveer 15 minute per week verminder het. Himmelweit, Oppenheim en Vince (1958, pp. 305-306) het in Engeland bevind dat leerlinge gemiddeld 6-8 minute minder tyd per dag aan huiswerk afgestaan

het. Plaaslik het Du Preez (1979a, 1979b) ook bevind dat leerlinge ná die koms van televisie neig om minder tyd aan hul huiswerk te bestee. Die feit dat leerlinge 'n aantal minute per dag minder aan huiswerk afstaan, beteken nie noodwendig dat hulle swakker in die skool sal presteer nie. Studiegewoontes en -houdings mag onder andere hier ook 'n rol speel.

'n Positiewe verband tussen studiegewoontes en -houdings is onder meer deur Du Toit (1970) en Du Preez (1977) verkry. Du-Preez (1980) het ook navorsing gedoen oor die invloed van televisie op standerd agt-leerlinge se studiegewoontes en -houdings. Hy het bevind dat televisie waarskynlik veral 'n negatiewe invloed gehad het op dié leerlinge se aanvaarding van onderwys (opvoedkundige ideale, doelstellings, praktyke en vereistes).

Naas studiegewoontes en -houdings bestaan daar ook verskeie ander faktore in die leefwêreld van die kind wat met sy skoolprestasie verband hou, waarvan skolastiese bekwaamheid waarskynlik 'n belangrike faktor is. Volgens Fouché en Alberts (1971) behoort 'n leerling, ten einde sukses in sy studies te behaal, reeds voor die aanvang daarvan oor 'n bepaalde bekwaamheidspeil te beskik. Genoemde outeurs beskou bekwaamheid as die individu se verworwe kennis, begrip van en insig in sekere spesifieke gebiede wat ontwikkel het volgens sy aanlegte, belangstellings, ander persoonlikheidseienskappe en leergeleenthede. Aangesien daar by bekwaamheid faktore soos kennis, begrip en insig betrokke is, bestaan die moontlikheid dat bekwaamheid verbeter of verswak kan word. Aangesien televisie deel uitmaak van die kind se leef- of ervaringswêreld, kan die moontlikheid dat televisie 'n invloed op sy skolastiese bekwaamheid kan hê, nie sonder meer uitgesluit word nie. 'n Ondersoek na die invloed van televisie op die *skolastiese bekwaamheid* van leerlinge, kan moontlik meer lig werp op die vraagstuk aangaande die faktore wat die *skolastiese prestasie* van leerlinge beïnvloed.

2 PROBLEEMSTELLING EN DOEL

Uit die voorafgaande is dit duidelik dat alhoewel verskeie navorsers aandag gegee het aan die vraagstuk rakende die moontlike invloed van televisie op leerlinge se skoolprestasie en hoewel daar al na die probleem gekyk is vanuit perspektiewe soos "tyd aan huiswerk bestee" en "studiehoudings", afdoende antwoorde nog nie gevind is nie. 'n Verdere vraag wat na vore kom, is of televisie nie moontlik 'n invloed op die skolastiese bekwaamheid van leerlinge het nie.

Sover vasgestel kon word uit die beskikbare literatuur, het navorsers tot dusver nog nie eksplisiet ondersoek ingestel na die invloed van televisie op die skolastiese bekwaamheid van leerlinge nie. Dié bepaalde probleem verdien dus aandag en daar word in die onderhawige studie gepoog om antwoorde op bogenoemde vraag te vind.

Na aanleiding van die voorafgaande word gestel dat:

TABEL 4.9

VERSKILLE TUSSEN DIE GEMIDDELD VAN DIE EKSPERIMENTELE VERSKIL-
TELLINGS (BV5 TOT BV6) EN DIE KONTROLEVERSKILTELLINGS
(CV5 TOT CV6) TEN OPSIGTE VAN TOETS 1 VIR DIE AFGE-
PAARDE GROEPE IN STANDERD NEGE

AFPARING	GROEP	N	\bar{X}	S	r	t
1974/77	BV5	127	-0,331	6,087	0,55628	-2,0231 ^(*)
	CV5	127	0,669	5,734		
1975/77	BV6	129	-0,093	5,741	0,52950	-2,1452 ^(*)
	CV6	129	0,969	5,851		

(*) $p < 0,05$

vg. = (getal pare -1)

TABEL 4.10

VERSKILLE TUSSEN DIE GEMIDDELDE SBB-TELLINGS (TOETS 3) VAN DIE
VOOR-TELEVISIEGROEPE (D5 TOT D6) EN DIE STRAWWE KYKERS
(E5 TOT E6) VAN DIE AFGEPAARDE GROEPE IN STANDERD NEGE

AFPARING	GROEP	N	\bar{X}	S	r	t
1974/77	D5	119	14,580	4,960	0,35227	0,4529
	E5	119	14,345	4,987		
1975/77	D6	119	14,303	4,699	0,28065	-0,1568
	E6	119	14,387	5,039		

vg. = (getal pare -1)

TABEL 4.11

VERSKILLE TUSSEN DIE GEMIDDELDE SBB-TELLINGS (TOETS 3) VAN DIE
VOOR-TELEVISIEGROEPE (D5 TOT D6) EN DIE LIGTE KYKERS
(F5 TOT F6) VAN DIE AFGEPAARDE GROEPE IN STANDERD NEGE

AFPARING	GROEP	N	\bar{X}	S	r	t
1974/77	D5	119	14,580	4,960	0,34712	-1,4923
	F5	119	15,387	5,357		
1975/77	D6	119	14,303	4,699	0,25970	-2,0832 ^(*)
	F6	119	15,471	5,334		

(*) $p < 0,05$

vg. = (getal pare -1)

TABEL 4.6

VERSKILLE TUSSEN DIE GEMIDDELD VAN DIE EKSPERIMENTELE VERSKIL-
TELLINGS (EV1 TOT EV4) EN DIE KONTROLEVERSKILTELLINGS
(FV1 TOT FV4) TEN OPSIGTE VAN TOETS 3 VIR DIE AFGEPAAR-
DE GROEPE IN STANDERD AGT

AFPARING	GROEP	N	\bar{X}	S	r	t
1974/76	CV1	145	1,283	5,677	0,51165	-0,5533
	FV1	145	1,531	5,236		
1974/77	EV2	85	0,812	5,673	0,43307	-1,5914
	FV2	85	1,765	4,646		
1975/76	EV3	145	1,048	5,936	0,57872	-0,6006
	FV3	145	1,317	5,815		
1975/77	EV4	85	0,753	5,962	0,56204	-1,5799
	FV4	85	1,706	5,922		

vg. = (getal pare -1)

TABEL 4.7

VERSKILLE TUSSEN DIE GEMIDDELDE SBB-TELLINGS (TOETS 1) VAN DIE
VOOR-TELEVISIEGROEPE (A5 TOT A6) EN DIE STRAWWE KYKERS
(B5 TOT B6) VAN DIE AFGEPAARDE GROEPE IN STANDERD NEGE

AFPARING	GROEP	N	\bar{X}	S	r	t
1974/77	A5	127	13,528	4,891	0,22065	0,6128
	B5	127	13,197	4,860		
1975/77	A6	129	13,287	4,382	0,22735	0,1841
	B6	129	13,194	4,837		

vg. = (getal pare -1)

TABEL 4.8

VERSKILLE TUSSEN DIE GEMIDDELDE SBB-TELLINGS (TOETS 1) VAN DIE
VOOR-TELEVISIEGROEPE (A5 TOT A6) EN DIE LIGTE KYKERS
(C5 TOT C6) VAN DIE AFGEPAARDE GROEPE IN STANDERD NEGE

AFPARING	GROEP	N	\bar{X}	S	r	t
1974/77	A5	127	13,528	4,891	0,38584	-1,3171
	C5	127	14,197	5,425		
1975/77	A6	129	13,287	4,382	0,30309	-1,8902
	C6	129	14,256	5,426		

vg. = (getal pare -1)

Die doel met hierdie studie is om ondersoek in te stel of televisie 'n invloed het op senior sekondêreskoolleerlinge se skolastiese bekwaamheid in die sosiale wetenskappe (Geschiedenis en Aardrykskunde) en die natuurwetenskappe (Natuur- en Skeikunde en Biologie) soos gemeet deur die Skolastiese Bekwaamheidsbattery.

Aangesien hierdie 'n verkenningstudie is, en daar ook nie in die literatuur aanduidings gevind kon word of televisie wel 'n invloed op die skolastiese bekwaamheid van leerlinge het nie, word daar met die volgende algemene werkhipotese volstaan: Televisie het 'n invloed op senior sekondêreskoolleerlinge se skolastiese bekwaamheid in die sosiale en natuurwetenskappe, soos gemeet deur die Skolastiese Bekwaamheidsbattery.

3 METODE VAN ONDERSOEK

3.1 AGTERGROND

Hierdie navorsing vorm 'n onderdeel van 'n omvattende projek wat deur die Suid-Afrikaanse Instituut vir Kommunikasie-navorsing (SAIKN) van die RGN onderneem word om die invloed van televisie op die skoolgaande jeug te bestudeer. Die omvattende projek spruit uit die aanbevelings van die Kommissie van Ondersoek insake Aangeleenthede betreffende Televisie en van die Tegniese Advieskomitee van die SAUK, naamlik dat navorsing onderneem word oor die sosio-kulturele struktuur van die Suid-Afrikaanse gemeenskap en die invloed wat televisie daarop kan hê.

Die insameling van die data strek oor 'n termyn van agt jaar (1974 tot 1981) en leerlinge van standerd drie tot standerd tien in provinsiale skole uit die vier provinsies van die RSA word betrek. Van die standerd drie- en standerd ses-leerlinge wat by die eerste opname in 1974 (voor die instelling van televisie) ingesluit was, word jaarliks opgevolg totdat hulle standerd tien bereik het (opvolgleerlinge). Vir kontroledoelindes word elke jaar ook 'n aantal leerlinge getoets wat nog nie voorheen aan die projek se toetsprogram deelgeneem het nie (kontroleleerlinge). In hierdie studie na die invloed van televisie op leerlinge se skolastiese bekwaamheid, word slegs van gegewens van die kontroleleerlinge in standers agt, nege en tien gebruik gemaak.

3.2 MEETINSTRUMENTE

Vir die doel van hierdie studie is van gegewens gebruik gemaak wat ingewin is met behulp van die Skolastiese Bekwaamheidsbattery, die Biografiese vraelys, die Televisievraelys en 'n vraelys waarin klasonderwysers relevante besonderhede van die leerlinge verskaf (Vorm B).

3.2.1 *Die Skolastiese Bekwaamheidsbattery (SBB)*

Die SBB meet die bekwaamheid van leerlinge in die volgende vakgebiede: ...
 sosiale wetenskappe, handelwetenskappe, natuurwetenskappe, rekenkunde en hul moeder=
 taal (Afrikaans of Engels).

Daar is vir die doeleindes van die omvattende projek en gevolglik ook vir
 hierdie studie, net met toetse 1 en 3 volstaan.

Toets 1: Sosiale Wetenskappe (SW)

Hierdie toets meet die persoon se bekwaamheid in dié wetenskappe wat te doen
 het met die geografiese organisasie en die ontwikkeling van die maatskappy.
 Twee vakgebiede, naamlik Geskiedenis en Aardrykskunde word deur hierdie toets
 gedek.

Toets 3: Natuurwetenskappe (NW)

Hierdie toets meet die persoon se bekwaamheid in dié wetenskappe waarin 'n
 studie van voorwerpe, wette en verskynsels van die natuur gemaak word. Die
 fisiese sowel as die biologiese wetenskappe word gedek.

Uit die Handleiding vir die Skolastiese Bekwaamheidsbattery (Fouche en
 Alberts, 1971) blyk dat die betroubaarheidskattings wat vir die SBB verkry is volgens
 die Saupe-benadering van die Kuder-Richardsonformule 20, bevredigend is.

3.2.2 *Biografiese vraelys*

Hierdie vraelys is deur die SAIKN opgestel vir die projek: *Die invloed van
 televisie op die skoolgaande jeug*, met die doel om tersaaklike biografiese en agter=
 grondsgegevens van leerlinge in te win. Vir hierdie studie is van die onderstaande
 items gebruik gemaak en die antwoorde van die leerlinge is tweedelig* verdeel soos
 by elke vraag met 'n (/) aangetoon. Na elke vraag word ook tussen hakies aangedui hoe
